justchad_cga

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (12/15)

*Justin Chadwick (3 April 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "AGOA is of value to us" Minister Rob Davies***

## WET OP GROEIGELEENTHEDE IN AFRIKA (AGOA)

Hierdie week het die meeste Sake-koerante die storie oor AGOA en die pluimveekwessie gedra. Die Minister van Handel en Nywerheid het ook die AGOA "Beneficiaries Conference" op Dinsdag hierdie week toegespreek. Daar is geen twyfel dat die pluimveekwessie kompleks is nie, en alhoewel diegene wat beide kante van die saak ondersteun se stories oortuigend is, is nie een reg of verkeerd nie. Die kern van die saak is die teenstortingstariewe wat deur Suid-Afrika op sekere kategorieë van pluimvee-invoere in 2000 ingestel is. Die VSA en Suid-Afrika is in 'n meningsverskil omtrent die WHO se nakoming van hierdie tariewe. Baie Senatore het nou saamgekom en gevra vir die hersiening van hierdie tariewe of dat sommige pluimveeprodukte toegelaat moet word om na Suid-Afrika uitgevoer te word. Beide regerings het ooreengekom om die onderskeie pluimveebedrywe toe te laat om met 'n oplossing vorendag te kom (die sogenaamde "sweet spot") – die Suid-Afrikaanse Pluimveevereniging (SAPA) en die VSA "Chicken Council". Voorstelle is gemaak en teenvoorstelle is ontvang – die jongste nuus is dat die partye nie so naby aan die "sweet spot" is nie. Hierdie partye sal voortgaan om te beraadslaag. Die huidige AGOA Wet verval op 30 September en daarom is daar nie baie tyd om die proses te voltooi nie – baie sou wou hê dat die voortsetting van die AGOA nou al afgehandel moes gewees het; beleggings moet gemaak word en bestellings moet geplaas word. Afrikalande druk vir 'n 15-jaar AGOA (dws tot 2030) om in 'n beleggings en besigheidswaarborg te voorsien. Die wat die meeste deur AGOA tot op datum bevoordeel is, is die motorbedryf – met biljoene wat deur handel met die VSA verdien is; 'n mens kan jou net die langtermyn beplanning wat nodig is in die motorbesigheid voorstel.

AGOA het baie nuwe terme gebring: in die VSA was daar praatjies oor Suid-Afrika wat uit die AGOA moet "graduate". Baie in die VSA het gesê dat Suid-Afrika meer ontwikkeld is en daarom is die voordeel van handelsvoorkeure nie meer nodig nie. Gegewe die groot toename in handel wat plaasgevind het weens die AGOA is dit duidelik dat AGOA dit bereik het waarvoor dit ingestel is – om te help met die ontwikkeling in Afrika. Wat interessant is, is dat die Suid-Afrikaanse handel met die VSA redelik gebalanseerd is – met invoere en uitvoere rofweg op dieselfde vlak. Om Suid-Afrika uit die AGOA te "graduate" sal 'n swak sein na die ander Afrika begunstigdes stuur - "don't be too successful otherwise you will be excluded". Nog 'n term is die "omnibus" – die byvoeging van talle voorwaardes tot die hernuwing van AGOA. AGOA is 'n afgekondigde Wet in die VSA en daarom is dit "non-reciprocal"; dit is in teenstelling met 'n Vrye Handelsooreenkoms waar die partye gee en neem. Baie in die VSA het dit egter as 'n geleentheid gesien om hul "lobby" pogings te koppel aan die hernuwing van AGOA. Die DTI Minister het tydens verskeie geleenthede uitgewys dat hierdie ander kwessies tuis hoort in aparte bilaterale besprekings – en moenie aan die AGOA gekoppel word nie. Hierdie bykomende voorwaardes sal die 3M's (vleiskwessies – vark, bees en hoender), menseregte kwessies (uitsetting van Swaziland op hierdie basis) en ander Suid-Afrikaanse beleids-en wetgewingskwessies insluit.

'n Derde term wat Suid-Afrika ingestel het is die van "regional integration" of "regionalization" – die sukses van Suid-Afrika onder AGOA het gelei tot baie besigheidsgeleenthede in naburige Afrikalande. Die motorbedryf in Suid-Afrika kry talle komponente en rou materiale van ons bure.

Die CGA sal deel vorm van 'n afvaardiging van Suid-Afrika na Washington in die derde week van April. Hul sal met baie leiers en besluitnemers vergader om te verseker dat die sukses van AGOA tot op datum tot selfs groter vordering in die VSA-Afrika verhoudings in die toekoms sal lei.

## SITRUSLEGENDE # 3: JOCK DANCKWERTS

In teenstelling met die ander legendes was Jock nie deel van die eerste vergadering van die CGA nie – het deel van die Raad in 2003 geword. Anders as die ander legendes is hy steeds op die CGA Raad – sowat 12 jaar later. Net soos Hoppie Nel was hy ook 'n lid van die eerste CRI Raad. Sy geneigdheid vir baie wooorde en gebruik van lang woorde het baie produsente van die noorde verstom gelaat. Sedert sy tyd in die hof as 'n deskundige getuie het hy daarvan gehou om sy saak aan die Raad te stel – op 'n soortgelyke manier as wat hy dikwels sy saak aan die regter gestel het.

Sonder twyfel is hierdie legende se bydrae deur die rol wat hy gespeel het om Citrus Research International te vorm in die wêreldbekende sitrus navorsingsinstituut wat dit vandag steeds is. Hy het vir 10 jaar op die CRI Raad gedien, en was voorsitter vir die hele tyd. Die proses om die Outspan Citrus Centre na die CGA oor te dra was moeilik; ander navorsingsinstitute het geveg om die werk oor te neem, terwyl baie ander alternatiewe om die navorsigskapasiteit oor te neem voorgestel is. Gelukkig het hierdie legende sterk oor baie beginsels en die basiese beginsels van goeie bedryfsnavorsing gestaan; sy jare as navorser was van groot waarde soos die nuwe CRI Raad sy voete gevind het.

Sy passie vir die bedryf, CRI en CGA kan gemeet word aan die lengte van sy telefoongesprekke. Dit het gewoonlik begin met "I won't take much of your time"… wat 'n uur ten minste beteken het, of "this is not a big thing but"…. wat uiteindelik opgeeinding het as die belangrikste saak wat die bedryf in die gesig staar en dat hy vanuit alle posisies sal bedank as dit nie opgelos word nie. Hierdie legende het verseker kleur en humor in die sitrusbedryf gebring – wat maar vaal en kleurloos by tye kan wees. Vir sy lang en toegewyde betrokkenheid in verskillende sfere binne die bedryf, sy vermoë om ander sienings en oplossings te akkommodeer en sy kuratorskap van die bedryf se humorsin. Die derde sitruslegende is Dr Jock Danckwerts.